

13 Maart

Skrifgedeelte:1 Johannes 1
Fokusgedeelte:1 Johannes 1:7-10

1.4 HK, VRAAG 72

Christene wat die bal mis slaan!

Meer as twee-derdes van die Suid-Afrikaners beskou hulleself as Christene. Maar sien jy dit in die praktyk? Baie misken persoonlike sondigheid en die behoefte aan verlossing. Johannes het dieselfde probleem met sommige "Christene" van sy tyd gehad. Hulle het gereken hulle het so ver gevorder het op die leer van kennis en geestelike ontwikkeling dat persoonlike sondigheid vir hulle geen probleem inhou nie. Hulle lewe was 'n slordige geestelike lewe sonder enige gewetenswroeging.

Iets soortgelyks kry ons by baie gedoopte "Christene". Die doop word oor die algemeen hoog geag. Hul kinders móét ook gedoop wees. Maar die verbondspelig om die kinders voor te gaan en op te voed in die diens van die Here ken hulle nie. Wat dink hulle van die doop? Is dit blote fatsoenlikheid? Of reken hulle soos die Roomse en die Lutherse gelowiges dat daar iets bonatuurliks deur die doop plaasvind?

Die water van die doop het niks te doen met die feitelike uitwissing van sondeskuld nie. Die doop vertel en verseker ons dat slegs Christus en die Heilige Gees sondes uitwis – soos water liggaamlike vuilheid afwas én onmisbaar is vir lewe. Iemand wat wel die doop hoog ag en dan maar lewe soos hy wil maak 'n baie groot fout! Die logiese uitvloeisel van die doop is opregte erkenning van jou sonde en kinderlike afhanklikheid van Jesus Christus en die Heilige Gees. Dan alleen kan jy deel hê aan vergifnis deur Christus en 'n nuwe lewe deur die Gees.

Ds. APC Duvenage (Emeritus)

~~~~~